higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 3

(8021023)

21 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter van die volgende dinge moet gebeur sodat ‘n misdaad in die statistiek opgeteken word:

A Dit moet opgemerk word
B Dit moet gerapporteer word
C Dit moet opgeteken word
D Al die bogenoemde

1.2 Watter EEN van die volgende is NIE ‘n faktor wat die optekening van ‘n misdaad beïnvloed nie:

A Tegnologie
B Proses om ‘n misdaad te rapporteer
C Geografie
D Individuele persepsies

1.3 Watter EEN van die volgende is die beste definisie van die *befondser* (‘funder’) van ‘n misdaadvoorkomingsprogram:

A Die teikengroep op wie die program gemik is
B Die organisasie wat die program ontwikkel
C Die organisasie wat verantwoordelik is vir die onkoste
D Die plaaslike polisiestasie

1.4 Watter EEN van die volgende is ‘n risikofaktor wat bydra tot geweldsmisdade onder jongmense:

A Substansiemisbruik (‘Substance abuse’)
B Tersiêre onderwys
C Lengte van die individu
D Ondersteunende omgewing

1.5 ‘CRIMSA’ is ‘n akroniem vir:

A Kriminologiese Vereniging van Suidelike Afrika (‘Criminological Society of Southern Africa’)
B Misdaadassosiasie van Suid-Afrika (‘Crime Association of South Africa’)
C Kriminologiese en Viktimologiese Vereniging van Suidelike Afrika (‘Criminological and Victimological Society of Southern Africa’)
D Misdaadvoorkomingsassosiasie van Suid-Afrika (‘Crime Prevention Association of South Africa’)

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

persoonlike; rehabilitasie; laer; sosiale; geografiese; hoër; vergelding; roetine; geregtelike (‘judicial’)

2.1 ... is die proses om ‘n oortreder te help om deur middel van die voorsiening van onderwys, opleiding of terapie na ‘n nuttige lewe terug te keer.

2.2 Kognitiewe prosesse word geassosieer met die ... -vlak-funksies van ons brein.

2.3 Om uit te gaan met vriende na dieselfde plek, kan gesien word as …-aktiwiteite wat tot slagofferviktimisasie kan lei.

2.4 Die ... interpretasie van misdaad is dat misdaad ‘n daad of ‘n versuim is wat ‘n oortreding is van ‘n wet.

2.5 Of ‘n polisiestasie in ‘n landelike gebied geleë is of nie, kan die rapportering van misdaad beïnvloed; dit word ‘n … beperking genoem.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B om by ‘n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Vergeldingsmaatreëls	A	reëls, prosesse en optrede
3.2	Slagofferblamering	B	fisiese swakhede
3.3	NRO (‘NGO’)	C	‘n vorm van weerwraak vir ‘n optrede
3.4	Eties	D	om geld van ‘n verskaffer te ontvang in ruil vir die toekenning van ‘n kontrak
3.5	Staatsbestuur (‘Governance’)	E	waar ‘n slagoffer verantwoordelik gehou word vir wat met hom of haar gebeur het
3.6	Voorspraak maak (‘Advocating’)	F	die waarskynlikheid dat iemand ‘n slagoffer sal word
3.7	Teikenkwesbaarheid (‘Target vulnerability’)	G	‘n organisasie wat ‘n diens lewer aan die samelewing en geen geld maak nie
3.8	Gemeenskapsgebaseerde organisasies	H	kerke
3.9	Slagofferkwesbaarheid	I	om in ooreenstemming met die korrekte morele gedrag op te tree
3.10	Agterafbetaling (‘Kick-back’)	J	om ‘n saak (‘cause’) aan te beveel

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee 'n rede vir jou antwoord.

4.1 Die Wet op die Beheer van Vuurwapens is daargestel om die verantwoordelike eienaarskap van vuurwapens te bevorder.

4.2 'n Viktimoloog is 'n persoon wat misdaadtonele bestudeer en forensiese bewyse versamel.

4.3 Die huishouding van 'n misdaadslagoffer word nie geïmpliseer nie.

4.4 Slagofferondersteuningsdienste kan help om herhalingsviktimisasie te voorkom en te verminder.

4.5 Die gebruik van gevallestudies is die enigste manier waarop die doeltreffendheid van 'n misdaadvoorkomingsprogram beoordeel kan word.

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Gee VIER van die fokusareas van kriminologie. (4)

5.2 In watter TWEE kategorieë kan erfenismisdaad ('heritage crime') verdeel word? (2)

5.3 Watter DRIE dinge moet gebeur sodat misdaad in die statistiek opgeteken word? (3)

5.4 Noem TWEE misdade waarvan die persepsies die rapportering van die misdaad kan beïnvloed. (2)

5.5 Gee VIER sogenaamde roetine-aktiwiteite. (4)

5.6 Noem die VYF simptome van misdaadviktimisasie. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die nuusitem hier onder en beantwoord die vrae.

Moordbeskuldigde vrygespreek

Durban – Die man wat aangekla is van die moord en verkragting van die Wentworth-tiener Tenique Stevens is vrygespreek nadat aanklagte teen hom op grond van onvoldoende bewyse van die hand gewys is. Regter Charmaine Balton van die Durbanse hooggeregshof het Vrydag gesê dat dit 'vir die hof duidelik was' dat die ondersoekbeampte die saak nie behoorlik ondersoek het nie. Navandhran Naicker het aansoek gedoen by die hof dat die verkragtings-, moord- en roofaanklagte teen hom opgehef word. In haar uitspraak oor die aansoek het sy ook gesê dat belangrike DNA-bewyse as gevolg van 'halfhartige ondersoekwerk' misgekyk is. Naicker is aangekla van die verkragting van, en moord op Stevens, wie se gedeeltelik naakte liggaam op 5 Junie, 2012, by Cuttings Beach in Merebank deur vissermanne gevind is; die liggaam was bedek met swart plastiek, met 'n tou om die nek en 'n lap in die mond geprop. Hy het onskuldig gepleit op al hierdie aanklagte, sowel as op die diefstal van haar selfoon. Verlede week het Naicker se advokaat, advokaat Pregasen Marimuthu, in opdrag van die Regshulpraad van Suid-Afrika, aansoek gedoen om vrylating nadat advokaat Happy Mazibuko haar saak gesluit het. Naicker het beweer dat Tenique sy afleweringsvoertuig voorgekeer het; sy was uitgesluit uit haar huis en het vir 'n saamrygeleentheid gevra. Die Staat het aangevoer dat die tou wat om Tenique se nek gevind is, dieselfde tou was wat op die voertuig se dekseil gebruik is. Naicker is ses maande na Tenique se dood by sy huis in Merebank gearresteer en 'n Nokia-selfoon wat na bewering aan Tenique behoort het, is in sy besit gevind. Die ondersoekbeampte het die selfoon egter in sy private kluis by die Wentworth-polisiestasie gehou en het dit nie in die polisieregister aangeteken nie. Regter Balton het gesê dat die Staat op omstandigheidsbewyse gesteun het – selfoongebruik van Tenique se simkaart twee dae na haar dood – om Naicker skuldig te bevind soos aangekla.

Met verwysing na die verkragtingsaanklag, het die regter gesê dat die ondersoekbeampte getuig het dat DNA-monsters van Naicker geneem is, en dat daar geen DNA-bewyse was wat Naicker met Tenique verbind het nie. Sy het gesê dat die verslae oor die DNA-analise nie by die hof ingehandig is nie.

Met verwysing na die tou, het Regter Balton gesê dat in die afwesigheid van forensiese analise wat die tou om Tenique se nek aan dié van Naicker se voertuig verbind, die hof nie kan aanvaar dat die tou om haar nek dieselfde tou is wat van die voertuig geneem is nie. Die ondersoekbeampte het getuig dat die tou en seil vir forensiese analise gestuur is, maar dat 'n verslag daaroor nog nie ontvang is nie. 'Hy kon nie verduidelik hoekom die verhoor voortgegaan het terwyl hierdie deurslaggewende inligting nie beskikbaar was nie,' het die regter gesê. 'Behoorlike ondersoek van die tou, klere, kondoomverpakkings en -houers wat op die toneel gevind is, kon DNA-bewyse verskaf het met die oog op vervolging. Ongelukkig is hierdie belangrike bewyse as gevolg van halfhartige ondersoekwerk oor die hoof gesien.' Die regter het gesê dat in die afwesigheid van direkte of forensiese bewyse, die hof nie die moontlikheid dat die skuldige iemand anders kon gewees het, kan uitsluit nie. 'Die hof word met baie onbeantwoorde vrae, of onvoldoende bewyse, gelaat oor die verskillende moontlikhede van hoe die oorledene gesterf het. 'n Behoorlike ondersoek sou alle beskikbare moontlikhede nagespeur het,' het haar uitspraak gelui.

Bron: *www.iol.co.za*, deur Noelene Barbeau, 2015-04-21

6.1 Wat is die vernaamste rede waarom die beskuldigde vrygespreek is? (1)

6.2 Watter ander inligtingsbronne kan gebruik word om bewyse te versamel? (3)

6.3 Bespreek kortliks die verskillende stadiums van die wetenskaplike proses van misdaadtoneelanalise. (6)

6.4 Bespreek kortliks die toepaslike etiese maatreëls vir die versameling van misdaadtoneel- of forensiese bewyse. (3)

6.5 Gee TWEE vereistes waaraan misdaadinligting moet voldoen. (2)
[15]

VRAAG 7

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

Lewe agter tralies vir non se moordenaars

Die moordenaars van die 86-jarige non van KwaZulu-Natal, Gertrud Tiefenbacher, wat verlede maand vermoor in haar kamer by die Sacred Heart Home in Ixopo aangetref is, is gister in die Kwazulu-Natalse hooggeregshof in Pietermaritzburg tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis.

'Die beskuldigdes het barbaars opgetree teenoor ‘n bejaarde non, ‘n persoon van God,' het Regter Nompumelelo Radebe gesê toe hy aan Sbongiseni Phungula, 25, en Mondli Shozi, 26, elk twee lewenslange vonnisse opgelê het. Die twee mans is ná die non se dood skuldig bevind aan verkragting, moord, en roof met verswarende omstandighede. 'Die wyse waarop julle haar liggaam en siel onteer het, kan nie in woorde beskryf word nie,' het Radebe gesê.

'Sy was gedeeltelik blind. Julle moes haar ouderdom in ag geneem het en haar uitgelos het nadat julle die items uit haar kamer verwyder het.' Die feit dat Tiefenbacher in die veilige hawe van haar tuiste aangeval is, het dit moeilik gemaak om van die voorgeskrewe minimum vonnisse af te wyk, en die hof was verplig om ‘n lewenslange vonnis vir moord, ‘n verdere lewenslange vonnis vir verkragting, en ‘n vonnis van 18 jaar vir roof met verswarende omstandighede op te lê, het Radebe bygevoeg. Gegewe die feit dat die misdade wat gepleeg is algemeen voorkom in die land, is die swaar vonnisse ook bedoel as ‘n sterk boodskap aan diegene wat beplan om soortgelyke misdade te pleeg, het Radebe gesê. 'Die wat ore het moet luister – vroue en kinders is ‘n beskermde spesie,' het sy gesê. Radebe het ook genoem dat die gebrek aan berou wat deurgaans getoon is deur die moordenaars tydens die hofverrigtinge, ‘n verswarende faktor was. Daar was ululerings en ‘n gefluit vanuit die volgepakte openbare gallery toe Radebe die vonnis opgelê het.

Bron: *https://www.citizen.co.za,* deur Clive Ndou, 2015-05-16

7.1 Wat is die misdaad wat gepleeg is in hierdie artikel? (1)

7.2 Wie was die slagoffer van hierdie misdaad? (1)

7.3 Omskryf *slagofferkwesbaarheid* ('victim vulnerability'). (2)

7.4 Watter persoonlike eienskap het daartoe bygedra dat hierdie slagoffer geviktimiseer is? (1)

7.5 Afgesien van die eienskap wat in VRAAG 7.4 gegee is, watter ander persoonlike eienskappe kan tot viktimisering bydra? (3)

7.6 Bespreek kortliks watter faktore daartoe bydra dat bejaarde mense as kwesbare slagoffers beskou word. (4)

7.7 Noem DRIE faktore wat daartoe bydra dat iemand 'n waarskynlike teiken kan wees. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 8

Wannneer 'n misdaad soos verkragting gepleeg word, is die enigste slagoffer van die misdaad nie noodwendig die persoon wat direk geraak is, met ander woorde die verkragtingslagoffer nie. Die uitwerking van misdaad strek wyer as dit. Dit is ook waar dat sommige mense misdaad beter hanteer as andere, omdat hulle op 'n persoonlike vlak is wie hulle is.

Bespreek kortliks die verskillende groepe misdaadslagoffers, sowel as die persoonlike eienskappe wat die impak van misdaadviktimisering op individue kan versag.

Gebruik die volgende opskrifte as 'n riglyn:

- DRIE groepe misdaadslagoffers
- VIER persoonlike eienskappe wat die impak van misdaad versag **[20]**

OF

VRAAG 9

Kriminologie, as ‘n studieveld wat spesifiek met misdaadvoorkoming verband hou, onderskryf SEWE modelle om misdaadvoorkomingstrategieë te bepaal.

In die tabel hier onder word die sielkundige-behandelingsmodel as voorbeeld gegee. Trek ‘n soortgelyke tabel in die ANTWOORDBOEK, en vul dit in deur die name van die SES ander modelle te gee, asook die fokus van elk van die sewe modelle en ‘n voorbeeld van elkeen.

Model (1)	Fokus van model (1)	Voorbeeld (1)
Sielkundige behandeling		

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou